behoort en beweeg
UNIVERSITEITSOORD

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK UNIVERSITEITSOORD
Duxburyweg 105, Hillcrest, 0083
Postnet Suite 076, Privaatsak x19, Menlopark, 0102
012 362 0663/4 | kantoor@unio.co.za | www.universiteitsoord.co.za

Universiteitsoord-Studentebediening: Verslag aan die Noordelike Sinode

Universiteitsoord is gestig om studente van die Universiteit van Pretoria geestelik te versorg. Dis nou al vir twee en sestig jaar 'n heerlike verantwoordelikheid en uitdaging om jongmense van oral oor die land te ontvang, hulle te begelei en te bedien. Dit is 'n voorreg om die studente uiteindelik uit te stuur om as geestelike leiers hulle geloof en getuienis uit te leef in die uiteenlopende beroepe en werksterreine waarheen die Here hulle lei.

Oor die jare het baie dinge verander en die laaste ses jaar nog meer so. In die Pretoria-omgewing het talle ander tersiêre instellings oopgemaak, en daarom bedien ons nie net meer Tuks-studente nie, maar ook jongmense wat studeer aan Sefako Makgatho Universiteit, Varsity College, Belgium City Campus, Inscape, Open Window, Aros, Akademia, Isa Carstens Akademie, Vega College en nog meer. Die studente van ander universiteite skakel gemaklik in by ons dagstudentewyk, waar hulle saam kamp, aan Groeigroepies deelneem en uitreik.

Die **"Fees Must Fall"** wat vanaf einde 2015 momentum gekry het, het in die daaropvolgende jare groot veranderinge aan die gemeente se direkte konteks en bediening gebring. In antwoord op die eise van studente, het die regering gratis tersiêre onderrig vir behoeftige studente aangekondig, wat 'n geweldige toevloei in studentegetalle beteken het. Rondom die kerk het meer as tien massiewe woonstelblokke opgeskiet. Meestevan hierdie 10 000 woonstel-inwoners, is , NSFAS beurshouers. Waar die voorreg om te kon studeer vroeër net vir 'n beperkte groep mense beskore was, het enigeen wat die potensiaal het, nou die geleentheid gekry om te kan studeer.

Ons omgewing het al meer multikultureel geword, wat ook 'n nuwe geleentheid vir ons bediening gebied het. Ons het in 2019 met 'n Engelstalige studentebediening op die Groenkloofkampus begin (waar ons geoordeel het die behoefte die grootste was).

Met die bykomende hulp van ons Ring kon ons vir Prop Charlotte Sibanyoni beroep en sy is in ‘n deeltydse pos as studenteleraar bevestig. Charlotte is ook ‘n dosent in Hebreeus aan UP, wat beteken dat sy studente goed ken.

Intussen het die Engelse “Green Leaf” bediening na die hoofkampus geskuif en dit gaan van krag tot krag. Charlotte se wyk funksioneer nets soos die ander studentewyke en die Grean Leaf leiers dien ook op die studente bedieningsraad. Hoewel hulle Sondagaande hul eie Engelstalige eredienste hou, val hulle ook kwartaaliks in by ons gewone aanddienste wat dan eenvoudig tweetalig aangebied word.

Hoewel die NSFAS-skema ‘n wonderlike geleentheid aan baie studente bied, is daar ook tekorte en ons het deur Grean Leaf bewus geword van die probleem dat studente se kosgeld opraak voor die jaar verby is. Die situasie ontstaan dat behoeftige studente in pragtige akkomodasie bly met wonderlike akademiese geleenthede, maar in die laaste maande van die jaar nie kos het om te eet nie. Ons het die laaste paar jaar betrokke geraak by verskeie voedingskemas om studente te ondersteun en tans versprei ons nie-bederfbare kos aan studente in nood.

Tydens die “Fees Must Fall” beweging het die UP se bestuur die kampus gesluit vir alle nie-akademiese byeenkomste. Verskillende rolspelers het gevra om ons fasiliteite te gebruik om in hierdie spanningvolle tyd te probeer om gesprekke aan die gang te kry. Studente-organisasies en NGO’s het vergaderings en werksessies by Universiteitsoord gehou sodat ons ‘n ontmoetingsplek van verskillende groepe geword het. Ons is steeds so ‘n ontmoetingsple en is baie trots daarop. Universiteitsoord is in die week die volgende: studente parkeerterrein, soms lesinglokaal, eksamensentrum, sêrrie oefenplek, buitehuise kantoor, spreekkamer en opleidingsentrum. Ons is reg in die middel van al die studente aktiwiteite en sien dit ook as ons roeping.

Ons het ook die afgelope ses jaar opnuut beleef dat ons nie ‘n “alleen” kerk van Christus kan en wil wees nie, en het ons ongelooflike lekker verhoudings gebou met die naburige gemeentes. So het “OP DIE STOEP” (gemeentes op die Universiteit se stoep) ontstaan.

Deel van hierdie netwerk is die St Wilfrids Anglikaanse kerk, Elim (Engelse) Volle Evangelie kerk, die Brooklyn Gereformeerde kerk, Philadelphia Hervormde kerk en onlangs ook die St Columba Presbiteriaanse kerk. As deel van ons vennootskap gee ons weekliks kos vir haweloses by die *Reliable House* skuiling. Ons predikante ondersteun en versorg mekaar, ons studente kuier gereeld oor en weer, ons ondersteun mekaar se projekte, en ons hou Paasgeleenthede en Hemelvaartdienste saam.

Ons het ‘n paar jaar gelede ook gaan kamp saam met Elim se meestal EFF-gesinde studente, wat wonderlike verhoudings, begrip en genesing vir baie studente gebring het. Ons klompie gemeentes hou elke jaar ‘n groot Straatbraai op die aand voor Tuks se lentedag, waar studente en lidmate van die die gemeentes saam kuier en dans in die straat voor Universiteitsoord.

Covid het ons bediening in ons wese geraak. Die meeste van ons studente is vir die inperkingstyd terug na hulle ouerhuise. Waar dit teen einde Maart rondom Universiteitsoord gewoonlik ‘n miernes van bedrywighede is, was die strate, woonstelle, kommunes en koshuise leeg.

Ons moes soos die meeste ander gemeentes binne ‘n paar dae leer hoe om te *Live Stream* en op *Zoom* en *YouTube* preke te maak. Ons moes lofprysingsdienste opneem en op *Facebook* uitsaai, preekreekse en groeigroepies aanlyn organiseer. Ons het selfs midde-in streng inperkings ons gemeente se sestigste verjaardig met ‘n deurry-koek en koffie gevier. Ons het ook virtuele pretdraf-geleenthede gereël waar studente elk in hul eie tuisdorpe kon deelneem en mekaar aanmoedig. Namate die grendelreëls verslap het, het Universiteitsoord elke moontlik denkbare geleentheid aangegryp om vir studente die geleentheid te gee om te kan sosialiseer. So is ‘n maskerbal, buitelug sokkies sowel as ons Skarrejag (in plaas van die Kaskar) gebore. Ons het lofprysings gereël op Sonop se grasperk en twee inry flieks aangebied.

Ons eredienste was spesiaal: ons het dit reggekry om vyfhonderd stoele op die ouerplein voor die kerk uit te pak, luidsprekers en musiektoerusting uitgedra en het weer met lewendige aanddienste begin. Vir die meeste studente was dit die enigste sosiale interaksie met ander jongmense in meer as ‘n jaar.

Ons studente het maar swaar gekry. Die siekte het ons nie gespaar nie en elke variant het ons getref, so het ook al die dominees verlede jaar Covid opgedoen. Die druk en uitdaging van aanlyn klasse, vereensaming en ook die aanpassing vir baie studente om weer terug in hul ouerhuis te wees, was moeilik. Die studenteleraars het al die kommunikasie middele denkbaar ingespan om studente te versorg en berading te gee.

Alhoewel groepies studente stuk-stuk begin terugkom het kampus toe, was baie steeds alleen. Studente-lewe het vir alle praktiese doeleinde gaan stilstaan en ons het besef dat die kerk ‘n al groter rol sal moet speel om vir studente ‘n sosiale ruimte te bied waar hulle ander mense kan ontmoet en sinvolle verhoudings kan bou.

Universiteitsoord was ook die enigste gemeente wat dit gewaag het om in 2021 weer eerstejaarskampe aan te bied. Waar ons kampe elke jaar tot en met Februarie 2020 lekker gegroei, moes ons skielik nuut dink om binne die regering se regulasies steeds iets betekenisvol vir die studente aan te bied. Ons het daarom ses kleiner “kampe” op die kerkterrein (en ander terreine naby Pretoria) aangebied waar ‘n verrassende totaal van 621 studente hierdie kampe kon bywoon. Ons kon genadiglik vanjaar weer ons gewone eerstejaarskampe hou, waar ons ondanks ‘n klompie Covid gevalle, weer ‘n lekker groot groep eerstejaars kon verwelkom.

Tuks het op 25 Julie vanjaar weer volledig met kontaklesing begin en die meeste van ons studente is uiteindelik terug. Dit is interessant: daar is nou studente wat al vir hul derde jaar op universiteit is maar nie weet waar hulle klasse is nie! Noudat die kampus oopgemaak het, het ons by Universiteitsoord ook met **‘n nuwe hoofstuk** begin.

Dit is lekker om weer ‘n vol kerk te hê en te sien dat die studente besig is met hulle studente-dinge en ook inskakel by die kerk. Ons weet dat studente se tyd by ons belangrike vormingsjare is waartydens hulle dalk vir die eerste keer blootgestel word aan ander gelowe, kritiese vrae en ander leefstyle., Ons konsentreer dus daarop om hulle juis in hierdie tyd en met hierdie vrae te begelei. Ons bied lekker student-gefokusde preekreekse en groeigroepreekse aan oor sake soos jou geloofsidentiteit, - sekerheid en –roeping en oor praktiese temas soos lewenswysheid, -keuses, verhoudings en terleurstellings.

Ons musiekbediening is vir ons baie belangrik en ons is nogal trots daarop. Met Isabelle van Rensburg agter die orrel en (tot onlangs) Anria Breytenbach agter die vleuelklavier, kon ons by ons eredienste wonderlike musiek maak en boonop ‘n reeks konserte vir die breër gemeenskap aanbied.

Ons oggende se musiekstyl is meer klassiek terwyl die aande ‘n *blended* klassiek-kontemporêre styl is, waar ons ook ons studente se sang-, viool- en selfs baskitaar en saksofoon talente ten volle ontgin. Ons glo dat musiek ‘n ongelooflik belangrike rol speel in studente se geestelike lewe en kerk-belewenis. Ons kry elke jaar ‘n klomp studente met verskillende spiritualiteite vanuit gemeentes reg oor die land. Ons glo dat ons klasiek-kontemporêre styl die beste by ons gereformeerde identiteit pas en ons wil graag studente “groot maak” wat lief is vir die NG Kerk en weer gemaklik by enige NG Gemeente kan inskakel. Daarom is ook spiritualiteitsvorming belangrik in ons eredienste: ons leer hulle goeie musiek met lirieke wat teologies sin maak, ons leer hulle bid, die Bybel interpreteer en sakramente waardeer.

Ons nuwe hoofstuk behels ook om kerkgebou en fasiliteite op te knap. Ons oorweeg tans ‘n ontwikkeling op die parkeerterrein wat mag help om in die toekoms finansieël meer volhoubaar te kan wees en is deurlopend met die ring en sinode in gesprek hieroor. Na byna sestig jaar het die kerkgebou ook aandag nodig en ons is aan die werk om ‘n groot dakbalk te vervang – terwyl ons besig is kyk ons ook na waterdigting, vensters en elektriese werk. Ons klanktoerusting is verouderd en ‘n nuwe klankstelsel is aan die kom. Om hierdie instandhoudingswerk te betaal het die sinode vir ons lenings toegestaan waarvoor ons baie, baie dankbaar is.

Universiteitsoord se orrel moet ook in die volgende jare gerestoureer word; ons moet nog ‘n skenker soek vir die groot hoeveelheid geld wat dit gaan kos. Die instandhouding is nogal ontwrigtend en duur, maar ook baie opwindend en ons het nuwe drome vir die volgende sestig jaar.

Die afgelope ses jaar was ook vir ons ‘n tyd van groot personeelwisseling. Ons moes afskeid neem van besondere personeellede: Petra en Fanie Schoeman – wat vir 35 jaar in die kantoor en op die terrein die fort gehou het – het afgetree en so ook ons wonderlike orrelis, professor Wim Viljoen. Ronel Meylahn het in Oktober 2021 saam met haar gesin geëmigreer Duitsland toe en Jana de Lange het einde Julie 2022 haar demissie ontvang. Dit bly maar ‘n groot verlies om kosbare mense te verloor. Terselfdertyd kon ons nuwe aanstellings maak en ons is ook opgewonde oor nuwe mense en moontlikhede.

Ons is baie dankbaar vir die sinode, ring, en elke gemeente in ons sinodale gebied, se ondersteuning. Hoewel die residensiële Gemeente meer as hul deel doen, en die studente projekte aanpak en fondse insamel, sal hierdie studentebediening nie bestaan sonder die sinode se subsidie oor twee en sestig jaar nie. Ons wil graag weer dankie sê vir die Noodelike sinode se finansiële steun as ook raad en vriendskap in uitdagende tye. Dit is ewe lekker dat individuele gemeentes en hulle dominees en lidmate by ons kom kuier en ‘n verhouding met ons het.

Dit is elke jaar ‘n soort reunie as ouers hul kinders na die eerstejaarskamp bring, en ons weer ou kollegas en oudstudente en vriende sien. Daar is elke Sondag besoekers in ons dienste wat gou weer kom kyk hoe dit nou lyk by Universiteirsoord waar hulle destyds studente was, en dikwels ook getroud is. Ons beskou Universiteitsoord en ons studentebediening regtig as ‘n bediening en ‘n verlenging van elke gemeente in ons sinode. Dankie vir julle voorbidding, dat julle jul gemeentekinders aanmoedig om by ons in te skalel en die lekker uitreike en ander projekte wat ons saam kan doen.

Ons sien met verwagting uit hoe Universiteitsoord die toekoms in, steeds ‘n plek sal wees waar studente kan ***Behoort*** en ***Beweeg***.